# SOEKLIG OP DIE PROBLEME MET GESKIEDENISONDERRIG

*C. Venter (Stellenbosch)*

'n Seminaar vir onderwysers wat Geskiedenis aan sekondêre skole onderrig, is gehou te Stellenbosch op 23 Julie 1982. Die seminaar is aangebied deur die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch, met die goedkeuring van die Kaaplanse Onderwysdepartement en in samewerking met en met die finansiële steun van die Geskiedeniskomitee van die F.A.K.

Die hoofgedagte van die seminaar was om die soeklig te laat val op die probleme van Geskiedenisonderwysers met die onderrig van hul vak ondervind. Nege en veertig onderwysers van Afrikaansmediumskole in die inspeksiestreke van Kaapstad en Parow het die seminaar bygewoon asook verteenwoordigers van die Onderwyserskolleges te Paarl en Stellenbosch, die Departemente van Opvoedkunde en Geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch en 'n hoofinspekteur van skole.

Daar is besluit om af te wyk van die gebruik om referate te lewer en om die onderwysers die geleentheid te gee om hulle probleme in groepsverband te bespreek waarna hulle dit deur middel van die spanleiers voorgelê het aan al die seminaargangers. Daarna is die probleme en voorstelle onder die bekwame leiding van die voorsitter, prof. Marius Swart van U.P.E., bespreek.

Vraelyste is vooraf aan die onderwysers gesirkuleer en die volgende het na vore gekom met die ontleding van die onderwysers se antwoorde op die vraelyste:

1. Persentasie-daling van kandidate wat Geskiedenis as vak op hoër- en standaardgraad aanbied: Hierdie persentasie geld slegs vir die teikengroep-skole en is nie verteenwoordigend van die hele Kaapland nie.

| | 1980 | 1981 | 1982 |
|---|---|---|---|
| St. 8 | 31,9 | 27,8 | 32,5 |
| St. 9 | 37,2 | 33,1 | 30,8 |
| St. 10 | 39,2 | 38,2 | 35,1 |

In die teikengroep-skole toon slegs standerd 8 se getalle 'n styging van 1981 na 1982. Aanduidings is egter dat by sommige skole die getalle in 1983 nog verder sal daal.

Die persentasie-daling van die st. 10-leerlinge by die teikengroep-skole toon 'n goeie korrelasie met die persentasie-daling van kandidate wat Geskiedenis aangebied het in die Kaapprovinsie vir die Senior Sertifikaat vir die volgende jare:

| 1963 | 1966 | 1970 | 1975 | 1979 | 1981 |
|---|---|---|---|---|---|
| 66,1 | 53,0 | 51,3 | 39,1 | 37,1 | 32,8 |

2. Op die volgende vrae het die onderwysers as volg gereageer: (Die getalle in die kolom is in persentasie uitgedruk).

| | | **Ja** | **Nee** |
|---|---|---|---|
| 2.1 | Is u tevrede met die posisie van Geskiedenis as vak in u skool? | 37,1 | 62,9 |
| 2.2 | Indien minder leerlinge Geskiedenis as vak kies, skryf u dit toe aan: | | |
| 2.2.1 | Die skool se vakkeuse? | 77,8 | 22,2 |
| 2.2.2 | Geskiedenis bied minder beroepsmoontlikhede? | 83,3 | 16,7 |
| 2.2.3 | Die leerlinge is nie altyd bewus van die vak se beroepsmoontlikhede nie. | 76 | 24 |
| 2.2.4 | Die Geskiedenisonderwyser se bevorderingsmoontlikhede is minder as dié van die onderwysers in die "skaars" vakke. | 70 | 30 |
| 2.2.5 | Finansiële steun vir skoliere wat Geskiedenis wil bestudeer, is moeilik verkrygbaar. | 64 | 36 |

3. Die volgende moontlike redes waarom die getal kandidate wat Geskiedenis aanbied 'n dalende neiging toon, is deur die onderwysers self verskaf:

3.1 Die skool se vakkeuse.
3.2 Onderwysers van st. 6 en 7 het nie belang by die vak nie.
3.3 Skoolhoofde bevorder ander vakke ten koste van Geskiedenis.
3.4 Ouers beïnvloed leerlinge om nie Geskiedenis te neem nie.
3.5 Die eksamenstelsel en wel om die volgende redes:
3.5.1 Leerlinge word gedwing om oninteressante detail te bestudeer.
3.5.2 Onderrigmetodes word deur die eksamenstelsel bepaal.
3.5.3 Vae bewoording van die vrae.
3.5.4 Langer opsteltipe vrae skrik leerlinge af.
3.5.5 Die hoeveelheid feite in st. 6 en 7.
3.5.6 Die leerure is te veel vir punte behaal in vergelyking met ander vakke.
3.5.7 Die risiko faktor is groot. Indien 'n kandidaat 'n vraag verkeerd interpreteer, verloor hy baie punte.
3.5.8 Daar is te veel onsekerheid verbonde aan die eksaminering van die st. 10 Geskiedenis. Daar bestaan te veel interpretasie-verskille en elke eksaminator bring 'n nuwe interpretasie.
3.6 Inhoud van die leerplan en die lengte daarvan asook 'n beperkte hoeveelheid oudio-visuele apparaat.
3.7 Herhaling in die leerplanne.
3.8 Die invloed van die huidige tegnologiese en ekonomiese ontwikkeling op vakkeuses.
3.9 Leerlinge kom met 'n negatiewe ingesteldheid in die vak vanaf die laerskool.
3.10 Aanbiedingsmetodes.
3.11 Die feit dat die doelstellings wat met die vak beoog word, nie duidelik aan die leerlinge bekend gemaak word nie.

Die onderwysers het hulle uitgespreek oor hoe die sillabusse van st. 6 tot 10 verander behoort te word, maar aangesien daar reeds nuwe sillabusse opgestel is, is dit onnodig om hier daarna te verwys.

Die probleme wat die Geskiedenisonderwysers met hulle vak ondervind, het uitgekristalliseer in vier temas, t.w. doelstellings, leerplanne, aanbieding en evaluering. Uit die bespreking van die verskillende temas het onder meer die volgende gedagtes na vore gekom:

1. Onderwysers moet enersyds baie deeglik rekening hou met die ideale wat in die doelstellings van die vak gestel word en alles in die werk stel om dit te verwesenlik. Andersyds is daar gevoel dat daar 'n hernude beklemtoning van Geskiedenis as 'n kragtige medium vir vorming en opvoeding moet wees juis in die brood-en-botter-tydvak waarin ons vandag leef. Metodes moet gevind word om ouers, leerlinge en mede-kollegas in te lig oor die waarde van die vak asook die beroepsmoontlikhede daarvan sonder om aantastend te wees teenoor ander vakke en daardie vakke se bestaansreg te betwyfel.
2. Met betrekking tot die leerplanne was daar waardering vir die groot mate van vryheid wat die Kaaplandse Onderwysdepartement die onderwysers toelaat in verband met die interpretasie en hantering van die leerplanne van st. 6 tot st. 9. Die algemene gevoel was egter dat daar aandag geskenk moet word aan die omvang van die st. 10-sillabus wanneer die sillabusse weer in hersiening geneem word.
3. Wat die aanbieding van die vak betref, was die algemene gevoel dat daar nie slegs 'n enkele metode van aanbieding gebruik moet word nie. Verskillende metodes moet geïmplementeer word wat 'n uitdaging vir die moderne leerling sal wees, veral aangesien die onderwyser in kompetisie is met moderne kommunikasiemiddels soos die televisie. Die gebrek aan die beskikbaarheid van hulpmiddels, bv. rolprente, is ook belig.
4. Die onderwysers het aanvaar dat eksterne eksaminering in st. 10 nie vervang kan word nie. Daar is egter weer eens klem gelê op die duidelike formulering van die eksamenvrae. Die gedagte van 'n meer deurlopende evaluering, sodat 'n jaarpunt wat 'n groter deel van die finale punt in st. 10 uitmaak verwerf kan word, is ook geopper.

Gedurende die verloop van die seminaar is die mening uitgespreek dat student-onderwysers gedurende hul opleiding deeglik moet kennis maak met die praktiese fasette van die onderwys en dus ook met die doelstellings, die leerplanne, aanbiedingsmetodes en die evaluering van die vak. Die moontlikheid van 'n "internskap" vir voornemende onderwysers behoort ook ondersoek te word. Daar moet ook, waar moontlik, van die bes opgeleide en die meer ervare onderwysers gebruik gemaak word vir die aanbieding van Geskiedenis in st. 6 en 7 om langs hierdie weg groter belangstelling in die vak te bewerkstellig.

In sy samevatting aan die einde van die seminaar het prof. Diko van Zyl van die Universiteit van Stellenbosch verklaar dat daar volgens sy mening 'n behoefte bestaan vir groter skakeling tussen alle instansies wat gemoeid is met Geskiedenisonderrig. Dit is voorwaar 'n saak waaraan daar in die toekoms aandag geskenk behoort te word.

## R1 000 vir Geskiedenisleerlinge

Soos verlede jaar skryf die Jeugraad van die FAK weer vanjaar 'n kompetisie uit waaraan 'n prysgeld van R1 000 verbonde is. Die kompetisie is nie beperk tot Geskiedenisleerlinge nie maar handel wel oor 'n historiese onderwerp. Dit is 'n spankompetisie en skole mag tot drie spanne inskryf. 'n Span bestaan uit vyf leerlinge onder leiding van 'n onderwyser. Elke span moet sy eie navorsing onderneem en uiteindelik 'n verslag van nie meer as 2 500 woorde indien oor die onderwerp

**Die Geskiedenis van die Afrikaner in my stad/dorp**

Die volgende onderafdelings moet gedek word:

1. Die pad wat die Afrikaner in my stad/dorp geloop het.
2. Wat op plaaslike vlak gedoen word om dié erfenis te bewaar.
3. 'n Persoonlike onderhoud met een van die oudste inwoners van my dorp of stad wat die basis vir 'n boodskap kan vorm.
4. Erfenisse in my stad of dorp wat besig is om verlore te gaan en hoe dit bewaar kan word.
5. Geskiedenis: die brug tussen gister en môre.

Vir besonderhede oor hoe om aan dié kompetisie deel te neem, skryf aan:

Die Sekretaris, Jeugraad van die FAK, Posbus 21217, Aucklandpark 2006.